# Nico van Gijsen: Geldhiënas lyk soos ek en jy, so herken hulle betyds

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-geldhienas-lyk-soos-ek-en-jy-so-herken-hulle-betyds-20261120-0781

**Ek sien die geldfoute wat mense maak weens hul politieke oortuiginge. Net soos geloofsoortuiginge, skryf Nico van Gijsen.**

Een van my gunstelingkriminoloë, die Skotse emeritus professor aan die Universiteit van Birmingham David Wilson, het ’n goeie sêding: as reeksmoordenaars gekom het met horinkies op hul koppe sou ons geweet het om hulle te vermy.

Maar hulle lyk soos ons almal. Hulle gedra hulle soos ons almal. Normaal. En hulle het ’n onverstaanbare vermoë om mense se vertroue te wen. Totdat hulle toeslaan.

Net so is daar baie mense wat daarop uit is om hul kloue op jou geld te kry. Selfs dominees, soos ons verlede Sondag gelees het, “Dominee leen R1,8 miljoen om ‘aandele te speel’ – toe verloor egpaar alles”.

Die berig vertel van die egpaar Etienne Human en sy vrou, Lydia, wat glo geld aan die sogenaamde “godsman” geleen het om “aandele te speel” waaruit hulle dan ’n groot klomp geld sou maak.

Ds. Kobus Venter, eers van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat toe later sommer sy eie aanlyn kerk, Kerksondergrense, gestig het, het hulle glo genader met die boodskap “die Here het hom op hul pad geplaas sodat hulle eendag sonder finansiële sorge sal kan aftree”. Nou het hulle gegaan van min tot niks.

Voor iemand dalk verwag dat ek nou ’n simpatieke traan gaan wegpink, ek gaan nie. Daar is altyd rooi vlae en sirenes wat afgaan wat jou sal waarsku. As jy kies om dit te ignoreer omdat dit wat jy hoor mooi op die ore val, wel dan kan jy nie kla nie.

Die boodskap in sulke gevalle is altyd beloftes van hemelhoë opbrengste en daarmee saam die belofte van geen risiko.

Mens, dit bestaan nie. Opbrengs en risiko loop saam. Hoe hoër die beloofde opbrengs, hoe hoër die risiko. Anders gestel, as dit te goed klink om waar te wees, wees dan seker dat dit is.

In die Humans se geval is R70 000 per maand glo in ’n stadium in 2022 aan hulle betaal. Vir ’n kort rukkie. Dis wat die geldhiënas met die Ponzi-skemas doen. Hulle betaal vir ’n rukkie daardie groot geld uit – ’n lokaas om nog van jou te kry.

Hulle teer op jou gierigheid. Dis so eenvoudig soos dit.

## Geloof en politiek

Oor geloof gaan ek my nie uitlaat nie. Ek glo soos ek glo en ek glo ander lesers ook. Dis ’n persoonlike ding.

Jou geestelike geloof, net soos jou politieke geloof (ja, dit is ook ’n geloof), maak jou vatbaar vir oortuiging van dié wat glo (of voorgee om te glo) soos jy glo. En as hy of sy nog ’n betiteling soos dominee of pastoor het, soveel te meer.

Mense wil hul leiers glo. Daar word nie vrae gevra nie.

Die geval van die Humans is ’n voorbeeld. Maar daar is vele ander. Ons lees gereeld hiervan in die media. Ekself het al in hierdie rubriek daaroor geskryf.

Mense raak liggelowig. Glo alles wat vir hulle opgedis word. Hulle doen dit omdat dit is wat hulle wil glo.

Ek het ’n verregse vriend wat eendag by my wou geld leen. Hy wou dit belê (’n seker opbrengs, geen risiko) in die een of ander regse beweging waardeur pres. Donald Trump van Amerika bevoordeel sou word.

Jy kry glo ’n kaart, volgens hoeveel jy belê, en ná ’n paar jaar kry jy van Trump self ’n groot klomp geld.

Dit het sowaar vir ’n oomblik gelyk of hy glo ek gaan dit sluk.

Ek sien die geldfoute wat mense maak weens hul politieke oortuiginge. Net soos geloofsoortuiginge.

## Die waarheid

Geld is koud. Die beleggingsmarkte is koud. Emosie bestaan nie.

As jy reg belê is, kan jy oor tyd ’n goeie opbrengs kry. Dit neem tyd in die mark, nie tydsberekening van die mark nie.

Die ding dat jou tydsberekening reg moet wees, is snert. Jy belê in hoop, gegrond in die historiese opbrengs van die fondse waarin jy belê. En die batebestuurder wat die fonds bestuur, koop en verkoop aandele gegrond op navorsing en hoop vir die toekoms.

Kry jou finansiële raad by ’n gelisensieerde finansiële raadgewer. Maar as hy jou nader met ’n geloofs- of politieke argument, skop hom onder sy boude. Die grootste skelms in die bedryf gebruik ’n argument anders as dit wat net in jou belang is.

En as hy ’n groot opbrengs belowe, veral as daar nie risiko is nie, stuur hom weg. Pasop om te luister vir dit wat jy wil hoor. Jy wil die waarheid hoor. Niks meer nie, niks minder nie.

En as die raadgewer nie geregistreer is by die Gedragsowerheid vir Finansiële Dienste (FSCA) nie, soos die dominees en pastore, sê net nee. En as dit waarin hy jou geld wil belê nie ’n goedgekeurde produk is nie, bly weg, ongeag die beloftes. Selfs ná bewyse van werklike uitbetalings. Dit beteken niks.

As jy met gelisensieerde finansiële raadgewers werk, het jy iemand wat jy verantwoordelik kan hou.

As jy in goedgekeurde produkte belê, kan jy enige tyd jou geld onttrek. Die geldhiënas kan dit nie vir jou doen nie, want jou geld is nie regtig belê nie, dit dryf êrens rond om ander ryk te maak.

En terwyl ons op die punt is, ignoreer die slimpraatjies oor beleggings langs die braaivleisvuur. Drank maak sommige mans baie windgat en dit is al wat dit is, dis nie selfvertroue of kennis nie.

*Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*

weekliks@rapport.co.za